

11 Junie

**Skrifgedeelte: Kolossense 4:2–18**  
**Fokusgedeelte: Kolossense 4:2,3**

### **Mense maak saak vir God**

Christus is vir ons hoofsaak, maar mense is vir God hoofsaak. Mense is so belangrik vir God dat ons 'n baie uitdruklike opdrag kry om vir hulle te bid. Dit is die mense met wie ons saamwerk, saam studeer, saam ontspan – alle mense. Stel ons werklik belang in die mense rondom ons se geestelike lewe? Die beste wat ons vir mense kan doen is om te bid. Toegewyde gebed beteken nie soseer dat ons nie sal ophou om te bid nie, maar dat ons nie sal opgee om vir hulle te bid nie. Gebed is 'n lewende kontak met ons Hemelse Vader wat altyd gereed is om sy krag in ons uit te stort en dus sy krag deur óns op die wêreld uit te stort.

Hoekom vra Paulus dan dat daar vir hom gebid moet word? Hy vra dit nie net vir homself nie, maar vir almal wat die Woord van God aan mense in die wêreld moet verkondig – en dit is nie net predikante nie. Dit is alle gelowiges. Mense is vir die Here so belangrik dat Hy sê dat ons vir mekaar moet bid omdat God enige tyd iemand op ons pad kan plaas wat ons nodig het. Stel jy ook soos God belang in die lewe van diegene wat nog nie verlos is nie? Jy kan bid dat God jou vandag in die lewe van iemand vir wie God omgee sal gebruik. Bid daarom dat mense duidelik sal kan sien dat Jesus Christus met jou en in jou lewe is. Bid dat mense baie duidelik sal sien en hoor watter wonderlike seën dit is om 'n kind van God te wees.

*Sing: Psalm 126:3*

*Ds ME Schalekamp (Potchefstroom Mooirivier)*